

2 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 30:19-32:20

Fokusgedeelte: Jesaja 32:17-20

Wie reg doen, sal vrede hê

Die Ou Testament beklemtoon dit telkens dat 'n mens reg moet lewe. Dit is een van die belangrikste punte wat die wysheidsliteratuur in die Ou Testament wil maak. Die regte optrede in alle situasies word byvoorbeeld dwarsdeur die boek Spreuke aan die orde gestel. Dit is ook 'n belangrike saak vir die profete. Mense wat verkeerd optree word gewaarsku om hulle te bekeer, anders sal God se oordeel hulle tref. Die ander kant van die munt is dan dat God diegene sal seën wat reg doen. 'n Mens weet natuurlik dat dit nie altyd so eenvoudig is nie. Soms gebeur slegte dinge met goeie mense. Ons leef immers in 'n stukkende wêreld. Tog neem die gebrokenheid van hierdie wêreld nie 'n mens se verantwoordelikheid weg om reg te lewe nie. God verbind ook sy beloftes daaraan dat 'n mens reg moet lewe. Net voor ons fokusgedeelte waarsku die profeet mense wat sorgeloos lewe dat hulle nie van God se oordeel moet vergeet nie. Diegene wat egter na die Here se Woord luister en daarvolgens lewe, kry die belofte van God se seën. Vrede is nie maar bloot om nie oorlog te beleef nie. Vrede is veral om in die regte verhouding met God te leef. Daardie vrede bly selfs wanneer 'n oorlog oor jou spoel. Hierdie vrede met God is ons deel deur Jesus Christus. Juis daarom moet ons in alle omstandighede reg doen. Dan groei die vrede in ons harte en beleef ons altyd die vreugde om 'n kind van die Here te wees.

Sing: Psalm 138:1,4

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)